**Ek is die goeie herder (OP227)**

**Joh 10:1-21**

**10 Augustus 2025**

In ons bestudering van die Johannes-evangelie het ons al gevorder tot aan die einde van Joh 9. In Joh 9 het ons geleer van die blindgebore man wat deur die Here Jesus gesond gemaak is. Ons het gesien dit was 'n uitbeelding van die feit dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is – die man moes homself gaan bad in die bad van Siloam (d.i. die Gestuurde) om die lig te kon sien. Ons het laaskeer daarop gelet dat daar drie reaksies was op die openbaring dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is: Die Fariseërs het Hom verwerp as die ware lig, die man se ouers daarenteen was besluitloos en het nie standpunt ingeneem hieroor nie. Die man self het egter die Here Jesus erken as die ware lig, en die gevolg was dat sy geloof in die Here Jesus geleidelik verdiep het tot by die punt waar hy teenoor die Here Jesus uitgeroep het: "Ek glo, Here".

Vandag kyk ons na Joh 10:1-21. Kan ek vooraf die volgende drie opmerkings maak:

- In hierdie verse vind ons nog twee "Ek is" uitsprake van die Here Jesus. Ons het vantevore al gesien dat die Here Jesus gesê het "Ek is die brood van die lewe" en "Ek is die lig vir die wêreld". In hierdie eerste paar verse van Joh 10 lees ons dat die Here Jesus ook gesê het "Ek is die deur vir die skape" (v7) en "Ek is die goeie herder" (v14).
- In vers 6 staan daar in die 2020 DAV "Hierdie <u>gelykenis</u> het Jesus aan hulle vertel, maar hulle het nie begryp wat Hy vir hulle sê nie". Die gebruik van die woord "gelykenis" skep die indruk dat verse 1-5 'n gelykenis is, en dat verse 6 en verder 'n moontlike verduideliking van die gelykenis sou wees. Maar let op die volgende: Johannes beskryf geen gelykenisse van die Here Jesus soos wat ons in die sinoptiese evangelies vind nie. Verder is dit so, dat die Griekse woord wat die DAV vertaling met "gelykenis" vertaal het, nie dieselfde woord is wat in die sinoptiese evangelies gebruik word nie. Daarom vind ons dat die NAV dit hier vertaal met "beeld" en die NIV en ESV vertaal dit met "figure of speech". Dit sal ook duidelik word soos wat ons deur die gedeelte werk dat dit nie 'n tipiese gelykenis is nie – daar is voortdurende nuwe beelde wat die Here Jesus gebruik soos wat Sy lering in hierdie verse ontwikkel. Byvoorbeeld: Hy beeld Homself nie net uit as die goeie herder nie, Hy is boonop ook die deur vir die skape. Ons het dus nie hier 'n tipiese gelykenis nie.
- Daar word soms geredeneer dat daar 'n skerp breuk in fokus is tussen Joh 9 en Joh 10. As mens egter mooi dink oor die inhoud van hierdie gedeeltes, blyk dit Joh 10 volg wel logies op Joh 9. Onthou Joh 9 het juis afgesluit met die Here Jesus wat geoordeel het die Fariseërs, wat die destydse geestelike leiers was, was blind. En nou gaan die Here Jesus in Joh 10 voort en waarsku teen diewe en rowers wat nie deur die hek in die skaapkraal wil inkom nie. Hiermee verwys Hy juis na die onwaardige leiers van destyds, veral die Fariseërs. Daar is dus ontwikkeling van Joh 9 na 10, en daarom sluit vers 21 weer af met van die Jode wat redeneer as die Here Jesus die blindgebore man kon gesond maak, kan hierdie lering van Hom nie demonies wees nie.

Ek maak weereens ruim gebruik van Mark Johnston se lering oor hierdie gedeelte. Ek wil nou die inhoud van die gedeelte oordink onder die volgende vyf gedagtes: Die goeie Herder bewerk: (1) Ware leiding, (2) Ware sekuriteit, (3) Ware lewe, (4) Ware sekerheid en (5) Een ware kudde.

<u>Die goeie Herder bewerk ware leiding (Joh 10:1-5)</u>

Lees Joh 10:1-5. Vers 1 begin weereens met die uitdrukking “Amen, amen”. Weereens moet ons kennis neem dat die Here Jesus oordeel wat hier volg is nie net belangrik nie, dit staan ook onwrikbaar vas en ons moet daarom hiervan kennis neem.

In hierdie verse lig die Here Jesus uit dat daar twee tipes leiers is wat onder die skape kan optree: Aan die een kant is daar die leiers wat nie die skape wil lei deur by die hek van die kraal in te kom nie. Nee, hulle klim van ‘n ander kant af in. Hy beskryf hierdie leiers as diewe en rowers. Nie net kom hulle op ‘n agterbakse manier in die kraal nie, wanneer hulle met die skape praat, praat hulle met ‘n vreemde stem (v5), en gevolglik luister die skape nie na hulle nie. Daar is egter ook ‘n ander Leier: Hierdie Leier kom wel in die kraal deur by die hek in te gaan. Nie net ken die hekwagter Hom nie, maar selfs die skape ken Hom, en wanneer Hy praat, luister hulle na Hom. Boonop ken Hy Sy skape – Hy ken hulle so goed dat Hy hulle op hulle naam roep. En dan volg hulle Hom: Hy loop voor hulle uit, en hulle volg Hom deur na Sy stem te luister.

Onthou nou die konteks van die gebeure: In Joh 9 het die Here Jesus die blindgebore man gesond gemaak. Die Fariseërs was baie ontsteld omdat Hy dit op ‘n sabbatdag gedoen het. Hulle was hoegenaamd nie geïnteresseerd in die gesondmaking van die blinde man nie – hulle was meer besorgd oor hoe die Here Jesus dit gedoen het, en natuurlik die bedreiging wat Hy vir hulle as leiers ingehou het. Die skare Jode het kennis geneem van hierdie vreemde houding van die leiers, terwyl die feite van die wonderwerk soos ‘n paal bo water gestaan het. Hulle het dus begin wonder: Wie is nou die verantwoordelike leiers wat hulle moet volg: die Fariseërs of die Here Jesus? As die Here Jesus nou hier in Joh 10 begin om te praat van leiers wat as herders wil optree, maar hulle tree op soos diewe en rowers, dan wys Hy daarmee juis vinger na die Fariseërs. Daarteenoor, as Hy praat van die Herder wat deur die hek inkom en na wie die skape luister, dan verwys Hy natuurlik na Homself – daarom kan Hy in vers 14 sê: “Ek is die goeie Herder”.

Let nou op die volgende: Ons leer hier van twee maniere waarop ons die ware Herder kan identifiseer: (1) Die ware Herder kom in deur die hek van die kraal, en klim nie van ‘n ander kant af in nie (v2), en (2) wanneer die ware Herder praat, dan luister die skape na Sy stem omdat hulle Sy stem ken (v4). Die ware Herder moet dus op die regte manier kom, en wanneer Hy kom moet Hy herkenbaar praat sodat die skape Hom kan identifiseer. Nou is die vraag: Waar leer ons van die verwagte koms van die ware Herder en van wat Hy sal leer? Natuurlik in die Ou Testament. Die vraag is: Is die koms en die optrede van die Here Jesus hier onder die volk in lyn met die Ou Testamentiese aankondigings? Kom Hy soos wat verwag sou kon word, d.w.s. kom Hy deur die hek van die kraal? Of kom Hy op ‘n manier wat totaal onverwags is deur oor die muur te klim?

Kom ons blaai na Eseg 34. Ek lees eers vir ons Eseg 34:1-4. Hier spreek die Here deur die profeet Esegiël die destydse herders van die volk aan. En die Here neem die herders kwalik omdat hulle net oor hulleself begaan is, en nie oor die lede van die volk wat swak is, siek is, wie se bene gebreek is, of die wat weggeraak het nie – nee, hulle is eerder daarop ingestel om met mag en geweld te regeer. Herinner dit nie juis aan die Fariseërs nie – wat nie eens opgewonde kon raak oor die blindgebore man gesond geword het nie? Nee, hulle het hom eerder uit die sinagoge verban. Hulle is die herders wat oor die muur in die kraal klim – en wat besig was om te gebeur is dat die volk nie meer so seker is of hulle hulle moet erken as leiers nie. Lees Eseg 34:19-22. Hierdie herders wat die swakkes wegstoot is tog soos die Fariseërs wat die man uit die sinagoge verban. Maar, sê die Here, Hy gaan nou optree ter wille van Sy kleinvee. Lees Eseg 34:23-24. Die Here gaan optree ter wille van Sy skape deur een Herder oor hulle aan te stel. Hierdie Herder sal hulle laat wei. Hierdie Herder is Dawid. Hy sal vir hulle ‘n Herder en ‘n Leier wees. En nou kom die Here Jesus in Joh 10 en sê: “Ek is die goeie Herder – en julle kan weet Ek is die goeie Herder want Ek kom deur die hek van die kraal – Ek kom juis op die manier waarop die Here deur die profete aangekondig het die goeie Herder sou kom”.

Nie net kom die Here Jesus op die verwagte manier deur die hek van die kraal nie, wanneer Hy kom praat Hy ook op 'n herkenbare manier wat die skape kan herken. Onthou, dit is juis in die Johannes-evangelie wat Hy die Woord genoem word. Onthou hoe ons nou la herhaalde male daarvan geleer het dat Hy net sê wat van die Vader kom, Hy is juis die Een wat die Vader kom bekend maak. Die Here Jesus is die goeie Herder, wat ware leiding kan gee – want Sy koms is in lyn met die profesieë en Sy stem is herkenbaar as die stem van die Vader.

By wyse van toepassing: Ek weet nie van julle nie, maar as ek na die huidige wêreldgebeure kyk, vra ek myself dikwels af: Waar is die ware wêreldleiers wat sinvolle leiding gaan gee? Ek kry dikwels die indruk die meeste van die wêreldleiers klim ook maar net oor die muur. Ek staan dikwels teleurgestel in hulle optrede. En natuurlik sal dit so wees: Want hulle is mense met gebrekkige vermoëns en insig. Maar, daar is Een ware Leier wat werklik leiding kan gee: Hy is die goeie Herder, wat deur die hek inkom, en wat die Vader se wil aan ons bekend maak. Hy het alle gesag. Hy het alle wysheid. Hy is dié Een wat waardig is om gevolg te word.

<u>Die goeie Herder bewerk ware sekuriteit (Joh 10:7-9a)</u>

Ons het nou gesien die Here Jesus as die goeie Herder is die ware Leier wat ons moet navolg. Maar dit kan riskant wees: Dink aan die blinde man se ouers – hulle was nie bereid om die Here Jesus te erken nie, want hulle kon dalk uit die sinagoge geban word. Dink aan die blindgebore man self – hy is uit die sinagoge geban. Daar kan ernstige gevolge wees om die Here Jesus as die goeie Herder te volg. Die vraag is nou: Kan Hy ons enige sekuriteit bied wanneer die vervolgings en swaar tye kom?

Lees Joh 10:7-9a. Die beeld wat die Here Jesus gebruik verander nou effens: Hy is nie net die goeie Herder nie, nee, Hy is ook die deur vir die skape. Hy is die deur waardeur die skape in die veiligheid van die skaapkraal kan inkom. Mark Johnston skryf dit was destyds die gebruik dat die herder by die deur van die kraal geslaap het om sodoende die skape te beskerm gedurende die nag. Die Here Jesus leer Hy is die Herder én Hy is die deur. Dit moet tog sekuriteit gee aan die skape wat binne die kraal is.

Maar let nou op: Die sekuriteit is beskikbaar vir al die skape, maar dit is net die skape wat deur die deur gaan en dus binne die skaapkraal is, wat die sekuriteit geniet. Ja, daar is potensiële gevare waaraan jy blootgestel kan word as jy die goeie Herder se stem erken en volg. Maar Hy bied aan jou sekuriteit: As jy deur Hom, as jy deur die deur van die skaapkraal, ingegaan het, dan sal Hy as die goeie Herder jou beskerm. Maar jy kan slegs op hierdie beskerming staat maak, as jy deur Hom in die kraal gekom het. As jy nie deur Hom inkom nie, is jy uitgelewer om sekuriteit by ander leiers te gaan soek wat oor die muur in die kraal wil klim – en onthou, ons het gesien hoe min hulle werklik vir die skape omgee.

Hierdie eksklusiewe toegang tot die kraal deur alleen deur die Here Jesus in te kan gaan, was destyds al ongewild, en dit is steeds ongewild. Ons leef in 'n tyd waar die mensdom almal en alles wil akkomodeer en waar ons definitief nie wil diskrimineer nie – en daarom is die eksklusiewe ingang deur die Here Jesus alleen vir baie onaanvaarbaar. Wel, om almal te akkomodeer, is eenvoudig nie die evangelieboodskap nie – jy moet deur die Here Jesus as die deur van die kraal in die kraal ingaan, om daar die sekuriteit te kan geniet wat Hy as die goeie Herder jou sal bied.

<u>Die goeie Herder bewerk die ware lewe (Joh 10:9b-10)</u>

Ons het nou gesien dit maak net sin om die Here Jesus te volg, aangesien Hy die Een is wat deur die hek in die kraal kom, en wat die Vader aan ons bekend maak. Ons het ook gesien dit kan egter ernstige gevolge inhou as ons Hom sou volg. Maar ons kan ook weet Hy sal aan ons sekuriteit gee as

ons deur om as die deur in die kraal ingaan. Maar is dit alles die moeite werd? Wat kan ons nou verwag as ons deur Hom ingegaan het en Hom as die goeie Herder volg?

Lees Joh 10:9b-10. Die fokus van die beeld wat die Here Jesus gebruik, verander weereens tot 'n mate. In hierdie verse word vir ons twee resultate beskryf wat ons kan verwag as ons deur Hom ingaan:

- Vers 9b sê as ons deur Hom ingaan, sal ons gered word en ons sal ingaan en uitgaan en weiding vind. Die punt om raak te sien is die volgende: As ons deur die Here Jesus in die kraal ingaan, dan bly ons nie net in die kraal nie – immers dit sou nogal vervelig wees. Nee, ons kan verwag om in en uit te gaan. En as ons uitgaan, dan gaan ons na weivelde toe wat ons kan geniet. Beteken dit ons verloor die sekuriteit wat ons in die kraal gehad het wanneer ons uit die kraal gaan? Nee, want die Here Jesus as die goeie Herder gaan saam – trouens Hy loop voor ons uit (v4). Ons het dus die verwagting om gereelde toegang tot weiding te hê onder die leiding van die Here Jesus self, asook die sekuriteit wat Hy bied.
- Vers 10b beskryf iets soortgelyks in ander woorde: Die Here Jesus sê Hy het gekom sodat Sy skape lewe kan hê, en dit in oorvloed! Ons kan dus verwag dat daardie weivelde waarheen ons gereeld sal gaan, groen weivelde sal wees. Ef 1:3 druk dit soos volg uit: Die Vader sal ons in Christus seën met elke geestelike seëning in die hemel. Hoor jy dit? Met elke geestelike seëning in die hemel!

Kom ons blaai weer na Eseg 34. Lees Eseg 34:25-30. Ek glo dit is klinkklaar duidelik – Daar wag groot seën op die wat deur die Here Jesus ingaan. Nie net sal hulle geseënd wees nie, hulle sal ook tot seën wees (vs26). En boonop sal hulle sekuriteit hê – volgens vers 28 sal hulle veilig wees en niemand sal hulle opjaag nie.

Tasker skryf in sy kommentaar hieroor en sê die volgende: Hierdie seën wat ons kan verwag is nie soseer 'n verlenging van ons fisiese lewens hier op aarde nie, dit is ook nie soseer 'n vermeerdering in ons materiële besittings nie. Wat dit wel is, is die sekerheid van 'n lewe op 'n hoër vlak in gehoorsaamheid aan God se wil, terwyl ons die heerlikheid van God weerspieël.

By wyse van toepassing: Dikwels het mense, en miskien selfs ons ook, die indruk dat die lewe van 'n gelowige vaal, vervelig en eentonig is – hulle moet hulle besig hou met lang kerkdienste en lewens leef wat nie dit wat die wêreld ons bied, kan geniet nie. Maar dit strook nie met wat die Here Jesus hier leer nie: Nee, Hy sê ons gaan ingaan en uitgaan – en ons gaan groen weivelde geniet. Ons gaan 'n lewe in oorvloed hê. Dink daaraan: As jy deur die Here Jesus ingegaan het, het jy skielik insig omdat die Here jou hart en verstand nuut maak: Nie net het jy insig in waar alles in hierdie lewe vandaan kom nie, jy het toegang tot die openbaring van die Here oor alles wat in die hede besig is om te gebeur, jy het selfs toegang tot wat die Here bekend gemaak het oor wat nog moet gebeur. Jy het selfs tot 'n mate insig in hoekom dit alles gebeur en wat die Here daardeur wil vermag. Jy het insig in waar dit alles, en ook, waar jy gaan eindig – en jou einde is absoluut heerlik. Verstaan jy? As jy deur die Here Jesus ingegaan het, ontvang jy insig in die betekenis van al die gebeure in die wêreld soos wat geen ongelowige ooit kan hê nie. Hoe kan dit vervelig en vaal wees? Dit is om werklik te lewe in oorvloed.

<u>Die goeie Herder bewerk ware sekerheid (Joh 10:11-15, 17-18)</u>

Kom ons som op: die Here Jesus is dus die goeie Herder wat ware leiding kan gee. Hy is boonop ook die deur waardeur ons in die kraal kan gaan, en wat Hy as die goeie Herder bewaak – ons het dus veiligheid en sekuriteit. Boonop beloof Hy aan ons die geleentheid om waarlik te lewe, en dit in

oorvloed. Dit is alles goed en wel. Maar is dit alles werklik waar? Kan ons seker wees dit is alles waar?

Die Here Jesus wil ons oortuig ons kan seker wees dit alles is waar. Hy gee ten minste drie redes waarom ons so seker kan wees:

- Lees Joh 10:11-13. Destyds, toe die Here Jesus hierdie gesprek met die Jode gehad het, het Hy vir hulle gesê Hy lê Sy lewe af vir die skape. Hy het gesê Hy is anders as 'n huurarbeider wat nie werklik vir die skape omgee nie, wat wegvlug wanneer die wolf kom om die skape te vang, en dan eerder oor homself besorgd is as oor die skape. Nee, die Here Jesus as die goeie Herder lê Sy lewe af vir die skape. Destyds was dit nog nie so duidelik wat die Here Jesus hiermee bedoel het nie. Maar ons verstaan dit goed: Hy was bereid om te sterf ter wille van Sy skape. Trouens: Hy was nie net bereid nie, Hy hét gesterf vir Sy skape – sodat hulle kan lewe, en dit in oorvloed. Siende dat die Here Jesus alreeds 2000 jaar gelede vir Sy skape gesterf het sodat hulle die lewe kan hê, twyfel jy werklik daaraan of Hy nou aan jou die lewe in oorvloed sal gee? As Hy reeds die hoë prys betaal het sodat jy die lewe in oorvloed kan hê, dink jy werklik Hy sal nou nie aan jou die lewe in oorvloed gee nie?
- Lees Joh 10:14-15. Hier is nog 'n rede waarom ons absoluut seker kan wees: Die Here Jesus ken Sy skape. Ons het in vers 3 al gesien Hy ken hulle op die naam. Hy ken hulle dus persoonlik. Hy ken hulle deur en deur. Kyk wat vers 15 sê hoe goed Hy Sy skape ken: Hy ken hulle so goed as wat Hy die Vader ken en so goed as wat die Vader Hom ken. Dit is om werklik te ken. Hoekom is dit vir ons 'n bron van sekerheid as ons lees dat die Here Jesus ons so goed ken? Omdat ons weet Hy weet presies vir wie Hy gesterf het – sondige mense. Hy ken ons. Hy gaan nie Sy rug op ons draai as Hy nou skielik uitvind hoe sondig ons is nie, nee, Hy ken ons deur en deur. Hy het ons 2000 jaar gelede al geken. En nogtans het Hy Sy lewe vir ons afgelê.
- Lees Joh 10:17-18. Hier is 'n derde rede wat aan ons sekerheid gee. Die Here Jesus sê in vers 18 Hy het Sy lewe <u>gewillig</u> afgelê – niemand het Sy lewe van Hom afgeneem nie, nee, Hy het dit gewillig uit Homself afgelê. Maar let nou op wat vers 17 sê: Die Here Jesus het nie sommer maar net Sy lewe afgelê nie, nee, daar was 'n doel met Sy sterwe – sodat Hy weer Sy lewe kon opneem. Die opstanding van die Here Jesus was van die begin af die doel. Dit was nie 'n nagedagte om die krisis van Sy "onverwagte" dood aan te spreek nie. Nee, Hy het gesterf met die doel om weer op te staan. En voeg nou hierby die laaste gedeelte van vers 18 – dit alles was in lyn met wat die Vader van die Here Jesus verwag het. Sien jy die punt? Die sterwe en opstanding van die Here Jesus was iets wat Hy gewillig gedoen het, boonop was die doel met Sy sterwe van die begin af om weer op te staan, en dit alles was van die begin belyn met die Vader se wil. En boonop is die basis vir dit alles die liefde van die Vader vir die Seun. Die Here Jesus se sterwe en opstanding was van die begin af deel van God se plan, en dit was deel van Sy plan omdat God liefde is – liefde tussen die Vader en die Seun, maar ook liefde vir Sy skape. Dink jy werklik dat die beloftes wat voortvloei uit die Here Jesus se dood en opstanding en waaruit ons as gelowiges in die Here Jesus voordeel trek, dan nie waar sal word nie? Dit is dan alles die wil van die Vader en die Seun. Sekerlik sal hulle nie nou omdraai nie! Eseg 34 wil ons ook oortuig hiervan. Lees Eseg 34:30-31. Hier koppel die Here Sy beloftes aan Sy volk aan die feit dat Hy die Verbondsgod is, dat Hy hulle God is, en dat hulle Sy volk is. Onthou die betekenis van Sy Naam as Verbondsgod: "Ek is". Dit is wie God is, hoe Hy is, dit is Sy wese. As daar een ding is waarop Hy nooit sal teruggaan nie, is dit Sy verbondsbeloftes. Hy sal dit alles laat realiseer.

<u>Die goeie Herder bewerk een ware kudde (Joh 10:16)</u>

Tot dusver was die Here Jesus se optrede grootliks onder die Jode. Dit was juis met die Jode en die Joodse leiers met wie Hy geredeneer het in Joh 9. Joh 10:19 sê ook dat selfs hierdie lering in Joh 10 opgevolg is deur verdeeldheid onder die Jode. As die Here Jesus dus hier verwys na leiers wat nie deur die hek in die kraal inkom nie, dan verwys Hy spesifiek na die Joodse leiers, veral die Fariseërs. As Hy hier verwys na skape wat Hy by die naam roep en wat Hom volg, dan het Hy juis Jode in gedagte wat Hom volg.

Lees nou Joh 10:16. Nou maak die Here Jesus egter bekend dat bo en behalwe die Joodse skape in die kraal van wie Hy tot dusver gepraat het, het Hy ook skape van 'n ander kraal. Hy moet hulle ook lei, netsoos wat Hy die Joodse skape moet lei. En hulle moet ook na Sy stem luister, netsoos wat die Joodse skape na Sy stem moet luister om te mag ingaan. Kommentatore is dit grotendeels eens dat hierdie skape van 'n ander kraal die gelowiges uit die heidennasies is. Ons weet dat met die hemelvaart het die Here Jesus juis Sy dissipels uitgestuur na al die nasies. Sodoende het Hy skape gaan roep ook in die ander kraal. Maar die punt wat die Here Jesus hier maak, is dat daar eventueel net een kudde gaan wees met een Herder. Hierdie kudde gaan bestaan uit Christengelowiges uit die Jodedom sowel as uit die heidennasies, en die Herder van hierdie een kudde is die Here Jesus self. Daarom kan gelowiges ongeag hulle herkoms dieselfde verwagting hê van 'n lewe in volheid in die Here Jesus.

Afsluiting

Lees Joh 10:19-21. Ten spyte van die heerlike lering van die Here Jesus, ten spyte van die heerlike beloftes wat Hy gemaak het, ten spyte van die feit dat Hy hulle wou oortuig hulle kan seker wees van wat Hy hulle geleer het, is die tragiese realiteit steeds dat daar verdeeldheid onder die Jode was – sommiges het steeds gedink Hy het 'n demoon, terwyl ander gedink het Sy woorde behoort darem deeglik oorweeg te word. Geliefdes, dit is vandag steeds die geval. Soms wonder ek hoekom mense dit nie wil glo nie: Die Here Jesus het tog 'n oortuigende argument op die tafel geplaas. Hy het tog die mense daaraan herinner die profesieë van die Ou Testament is besig om in vervulling te gaan – duidelik is Hy tog die beloofde Een. Hy het tog heerlike beloftes gemaak aan die wat wel deur Hom ingaan. Hy het tog bewyse gegee hoekom hulle seker kan wees Sy beloftes is nie leeg nie. En tog glo baie mense dit steeds nie. As hulle die Here Jesus nie destyds geglo het nie, kan ons ook verwag dat hulle ons ook nie sal glo as ons hulle hiervan vertel nie. En 'n groot struikelblok is natuurlik die sondige mens se onwilligheid om te moet erken die antwoord lê buite homself in die Here Jesus. Maar, al wil baie dit nie glo nie, beteken dit nie dat al die dinge wat die Here Jesus geleer het, nie waar is nie. Die Here Jesus is die goeie Herder, en ons kan alleen aan Sy beloftes deel kry as ons deur Hom as die deur ingaan. Maar dan kry ons deel aan die heerlike rykdom van Sy beloftes. Dit alles sal gebeur – dit is deel van God se plan van die begin af. Maak seker jy gaan in deur die deur wat ook die goeie Herder is – ons Here Jesus.